



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 43

**DIE AANVRAAG NA ONDERWYS EN
ONDERWYSPERSONEEL, MET SPE-
SIALE VERWYSING NA DIE TOESTAND
IN TRANSVAALSE PRIMêRE EN SEKON-
DêRE SKOLE VIR BLANKES**

Prof. J.T. Claassen

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1978

DIE AANVRAAG NA ONDERWYS EN ONDERWYSPERSO- NEEL, MET SPESIALE VERWYSING NA DIE TOESTAND IN TRANSSVAALSE PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOLE VIR BLANKES

In my voordrag wil ek enigsins afwyk van die tradisionele patroon van in-
treereds. Indien ek hierdie patroon korrek interpreteer dan lyk dit asof ek in
my voordrag tot 'n keuse uit drie alternatiewe gedwing word:

1. Ek kan verslag doen oor my eie navorsing van die besondere gebied
van my wetenskapsveld wat ek as akademiese akker vir myself uitgekies het.

2. Ek sou ook as aangewese hoof van die Departement Onderwyspraktik
kon aankondig wat ek as beleid aanvaar vir die ontginning van my vakgebied.

3. Laastens sou ek ook heeltemal in pas wees as ek 'n oorsigbeeld gee oor
my vakgebied soos dit oor die wêreld bedryf en ontgin word.

Hoewel nie een van bogenoemde alternatiewe eksplisiet ter sprake sal kom
nie, sal die noulettende luisteraar tog bemerk dat elke alternatief implisiet 'n
plek het in die voordrag wat volg.

Uit die aard van die voordrag sal daar vrylik gebruik gemaak word van
statistiek. Bewus van die ingeboude beperkinge van alle statistiese gegewens
word dit hier nie soseer gebruik om te vergelyk nie, maar merendeels om se-
kere tendense aan te toon.

1. DIE AANVRAAG NA ONDERWYS

Die aanvraag na onderwys word gereflekteer in die aantal leerlinge en
studente wat toegang verlang of reeds het, tot alle vlakke en vorms van for-
mele onderwys. Ons beperk ons egter in hierdie voordrag tot die drie tra-
ditionele onderwysvlakke te wete primêr, sekondêr en tersiêr. (Pre-primêre
en volwasse onderwys en alle ander soorte van onderwys word dus hier ter
syde gestel.) Wat die verwysing na Transvaal betref, handel dit slegs oor die
aanvraag na onderwys op bogenoemde drie onderwysvlakke vir Blankes.

Die aanvraag na onderwys is 'n normale verskynsel. Hierdie verskynsel
het egter volgens talle navorsers, in die afgelope drie dekades, sulke abnormale
stygings getoon dat dit, tesame met die tegnologiese en wetenskaplike voor-
uitgang en die snelle proses van verstedeliking, bestempel word as van die
betekenisvolste en prominentste verskynsel wat die samelewing na die tweede
wêreldoorlog kenmerk. Die stygende aanvraag na onderwys veronderstel
egter altyd 'n stygende aanvraag na onderwyspersoneel. Laasgenoemde is die
probleem wat ons, veral met betrekking tot die toestand in Transvaal, wil
ophelder.

Terwyl die wêreld besig was om te herstel van die skokkende en verwoestende ervarings en gebeure van 'n wêreldoorlog is die wêreldtoneel in gereedheid gebring vir 'n bolgende enigsins andersoortige ontploffing. Hierdie keer was dit, in die woorde van Louis Cros, 'n sogenaamde „School explosion”.¹ Die effek van hierdie „ontploffing” het menige onderwysstelsel laat kantel en het 'n wêreldwye onderwyskrisis tot gevolg gehad.² Hoewel hierdie krisis nie so konkreet sigbaar soos 'n voedsel of militêre krisis is nie, is dit tog baie meer subtiel en ewe gevaarlik as laasgenoemde. Die essensie van hierdie sogenaamde krisis is geleë in die feit dat baie onderwysstelsels nie die druk van getalle vanweë die stygende aanvraag na onderwys kan weerstaan nie.

Die meeste onderwysstelsels, veral met betrekking tot die sekondêre en tersiêre onderwysvlakke, was oorspronklik ontwerp vir minderheidsgroepies en moes nou, vanweë 'n ontembare onderwyshonger, skielik massas akkomodeer — daar het met ander woorde 'n disharmonie tussen onderwysaanvraag en onderwysruimte ontstaan. Dit het aanleiding tot talryke probleme gegee waarvan onder andere die aanvraag na onderwyspersoneel nie die eenvoudige is nie.

Ook in die Republiek van Suid-Afrika is die trillings van hierdie ontploffing steeds sterker en sterker gevoel. In 1968 reeds het die Transvaalse Onderwysersvereniging 'n openbare veldtog onderneem om die nood in die onderwys aan die ouergemeenskap en die onderwyskorps te stel. Dit was egter eers in Oktober 1975 dat sake 'n breekpunt bereik het en dat daar van oraloor aandrang gekom het dat iets drasties gedoen moet word om die onderwyssituasie te bereedder.³ Die erns van hierdie saak is gereflekteer in die aanstelling van 'n nuwe minister van Nasionale Opvoeding.

Aangesien Transvaal 53 persent van die totale Blankeskoolbevolking van die Republiek van Suid-Afrika huisves, sal die verskynsel onder bespreking, hiër dus duideliker tot openbaring kom as in die ander provinsies wat saám minder as die helfte van die totale skoolbevolking van die Republiek van Suid-Afrika het. Om egter perspektief op die omvang en intensiteit van die verskynsel in Transvaal te verkry volg ons die volgende besinningsweg:-

Ons let eerstens op die universaliteit van hierdie stygende tendens in die aanvraag na onderwys.

Tweedens gaan ons enkele van die belangrikste oorsake vir die styging in die aanvraag na onderwys na.

Derdens let ons op die implikasie van hierdie verskynsel, naamlik die aanvraag na onderwyspersoneel, met spesifieke verwysing na die toestand in

1. Vergelyk die gelykluidende titel van Louis Cros se werk *L'explosion scolaire*.
2. Vergelyk COOMBS, P. The world educational crisis, p. 3.
3. Vergelyk *Mondstuk*. Junie 1976, p. 1.

Transvaalse Skole.

Vierdens konkludeer ons met enkele aanbevelings.

1.1 Die universaliteit van die verskynsel

Die algemeenheid van hierdie verskynsel kan die kortste beskryf word deur te verwys na statistiek van verskillende lande, wat nie altyd vergelykbaar is nie, maar wat die neiging tog baie duidelik aantoon.

Wat primêre onderwys betref, was daar, byvoorbeeld tussen die jare 1950 - 1968 in ontwikkelde lande soos Frankryk 'n styging van 29 persent in die skoolbevolking, in Nederland was dit 17 persent en in Engeland en Wallis 14 persent oor dieselfde tydperk.⁴

Hierteenoor het die primêre skoolbevolking in ontwikkelende lande soos byvoorbeeld Kenia, Uganda en Tanzania met meer as 500 persent toegeneem.⁵

Gewoonlik is die aanvraag na onderwys in hierdie lande veel hoër as waarvoor die betrokke onderwysstelsel voorsiening kan maak. Volgens 'n projeksie wat in 1965 deur ene Stabler ('n kenner van die Keniese onderwysstelsel) gemaak is, sal slegs 62 persent van die ter sake ouderdomsgroep in 1990 toegang tot primêre onderwys kan verkry. Algemene primêre onderwys sal in die meeste ontwikkelende lande volgens kenners slegs 'n ideaal bly, indien die geboortesyfer nie drasties ingekort word nie.⁶

Die betreklik groter aanvraag na primêre onderwys in laasgenoemde lande, in vergelyking met die kleiner aanvraag in eersgenoemde lande, moet toegeskryf word aan die feit dat primêre onderwys in die ontwikkelde lande reeds aan die begin van hierdie eeu 'n massa-verskynsel was, met ander woorde die basis van die onderwyspiramide in ontwikkelende lande was baie smaller as in die ontwikkelde lande met die aanvang van die periode onder behandeling. Hoe dit ook al sy, die onderwysaanvraag op hierdie vlak sal altyd deur die geboortesyfer vyf of ses jaar vroeër bepaal word.

Dit was egter op die sekondêre onderwysvlak waar die impak van die sogenaamde „pressure of numbers” die sterkste was. Hierdie feit word ook in die grootskaalse hervormings wat op hierdie vlak plaasgevind het, weerspieël. Vanweë die hoë aanvraag na geskoolde mannekrag was dit veral die tegniese en beroepsonderwys wat op die sekondêre vlak geweldig uitgebrei het en nog steeds uitbrei.

In die meeste Westerse lande, met die uitsondering van die Verenigde State van Amerika was die sekondêre onderwysstelsel beplan vir 'n klein

4. Vergelyk POIGNANT, R. Education in the industrialized countries, p. 249.

5. Vergelyk UNESCO. Statistical yearbook. 1972.

6. Vergelyk STABLER, E. Education since Uhuru; the schools of Kenya

7. Vergelyk SAUVY, A. Access to education, p. 89.

elite-groepie. Oorspronklik was die plan dus nie om hierdie onderwysvlak vir die massas oop te gooi nie. In Frankryk was daar byvoorbeeld aan die einde van die vorige eeu slegs 3 persent van die ouderdomsgroep 13 - 18 jaar op skool. Hierdie getal het baie traag en langsaam aangegroei tot 12 persent in 1945. Vanaf 1950 tot 1968 het dit egter opgeskiet tot 73 persent. Hierdie groeiende tendens word baie duidelik geïllustreer as ons let op die groei-koers van die sekondêre onderwysbevolking voor die Tweede Wêreldoorlog, en daarna. Tussen die Eerste en Tweede Wêreldoorlog was die groei-koers 2,4 persent, terwyl dit ná die oorlog, tot rondom 1970, gestyg het tot 7,5 persent.⁸ Hierdie is nie 'n uitsonderlike voorbeeld nie, maar is ook tipies van die ander Wes-Europese lande, insluitende Engeland.

In die Verenigde State van Amerika en Rusland het die onderwysaanvraag sneller toegeneem as in Europa. In 1970 byvoorbeeld was reeds meer as 90 persent van die ter sake ouderdomsgroep in die Verenigde State van Amerika op die sekondêre skool. Die rede vir hierdie verskil tussen die Verenigde State van Amerika en ander Westerse lande is dat die Verenigde State van Amerika 'n betreklik jong land is en nie tradisioneel gebonde was aan 'n onderwysstelsel wat uitbreiding gestrem het nie. Die toestand in die Verenigde State van Amerika hou natuurlik ook verband met die hoogsontwikkelde arbeidsmag en hoë lewenstandaard van dié land.

Soos reeds opgemerk, is die aanvraag na onderwys in die ontwikkelende lande veel hoër as waarvoor daar voorsiening gemaak kan word. Die geval van Tanzanië is illustrerend van wat by die meeste ontwikkelende lande aangegref word: toegang tot primêre onderwys word beperk tot 50 persent van die ter sake ouderdomsgroep, om sodoende genoeg middele te hê om die sekondêre onderwys te ontwikkel. In Tanzanië is daar byvoorbeeld in 1970 slegs 10 persent van die primêre onderwysbevolking wat toegang tot sekondêre onderwys wou hê, toegelaat.⁹ (In Kenia en Ethiopië het die aanvraag na onderwys tussen 1965 - 71 verdriedubbel.¹⁰) Vrye toegang tot alle vlakke van die onderwys in die praktyk bestaan dus in baie van hierdie lande nog nie.

Die styging in die aanvraag na tersiêre onderwys was ewe skouspelagtig. Dit het selfs die liberaalste vooruitskattings wat jare tevore gemaak is, oortref. Die direkte oorsaak hiervoor was die ontwikkeling van sekondêre onderwys.¹¹ Die uitbreiding van die onderwys op die een vlak gee dus aanleiding tot die uitbreiding van onderwys op die volgende vlak. Hierdie ver-

8. Vergelyk POIGNANT, R. Op. cit., p. 4.

9. Vergelyk SKOROV, G. Integration of educational and economic planning in Tanzania, *African research monographs*, no. 6.

10. Vergelyk BLOWENSTEIN, L. Education and development in rural Kenya. P. 158.

11. Vergelyk *The world year book of education*, 1972/1973. p. 14.

skynsel staan bekend as die „Iron law of Educational Growth”.¹²

In Nederland het die aantal studente aan Universiteite vanaf 1960 tot 1975 met oor die 2000 persent toegeneem. Hierdie neiging word ook in die meeste ander Europese lande openbaar.¹³ As daar egter gelet word op die feit dat 20 persent van die tersake ouderdomsgroep reeds in 1950 tersiêre onderwys in die Verenigde State van Amerika ontvang het en dat geen ander Westerse land hier persentasie 15 jaar later kon bereik nie, dui dit op die ontsaglike uitbreidingspotensiaal van tersiêre onderwys.¹⁴ Die deelnemingskoers aan tersiêre onderwys in die Verenigde State van Amerika staan reeds op meer as 45 persent.¹⁵

Groter getalle op hierdie onderwysvlak het ook meer probleme tot gevolg gehad, waarop ons nie hier wil ingaan nie omdat die tyd ontbreek. Ons wil hier egter net kortliks verwys na die sogenaamde „unwilling captives”.¹⁶ Studente wat in hierdie kategorie val, is hulle wat teen hulle wil en sin tersiêre onderwysinrigtings besoek. In die Verenigde State van Amerika val een uit elke ses studente in hierdie kategorie. Daar sal aan die einde van hierdie eeu 2 en-'n-half miljoen van hierdie studente in die Verenigde State van Amerika wees. Hierdie verskynsel dra baie daartoe by dat 60 persent van alle studente aan kolleges of universiteite in die Verenigde State van Amerika nooit die graad of diploma behaal waarvoor hulle ingeskryf het nie. Voeg hierby nog die feit dat die eenheidskoste per student jaarliks met ongeveer 5 persent styg, dan toon hierdie verskynsel 'n sterk inflasionêre neiging.¹⁷

In ontwikkelende lande is die aanvraag op hierdie onderwysvlak ook besonder hoog. Omdat daar egter nie in die beplanning oral rekening gehou word met die behoefte van die arbeidsmark nie, gebeur dit dat gegradueerdes in sommige van hierdie lande dikwels werkloos is.¹⁸

Die sogenaamde „Iron Law of Educational Growth” het ook in die Republiek van Suid-Afrika op alle onderwysvlakke baie duidelik tot uitdrukking gekom.

Primêre onderwys was ook hier redelik vroeg 'n massa-verskynsel. In 1910 was 90 persent van die kinders tussen 7 en 14 jaar in Transvaal reeds op skool.

12. Loc. cit.

13. Vergelyk VAN KEMENADE, J.A. The cost of higher education, in: *Western European Education*. Vol. VII, No. 3. p. 49.

14. Vergelyk POIGNANT, R. Op. cit., p. 311.

15. Vergelyk ASHBY, E. The great reappraisal, in: *The world year book of education*, 1972/1973. p. 29.

16. Loc. cit.

17. Vergelyk Ibid. p. 14.

18. Vergelyk COOMBS, P. Op. cit., p. 36.

Die totale aantal leerlinge in die sekondêre skool het in die Republiek van Suid-Afrika vanaf 1920 tot 1970 met plus minus 800 persent gestyg. Aanvanklik was die styging langsaam, maar sedert 1950 het dit versnel.

In Transvaal was daar in 1937 nog minder kinders in die sekondêre skool as in die Kaapprovinsie. Die aantal sekondêre leerlinge in Transvaal het sedert 1937 tot vandag met oor die 700 persent toegeneem. In die ander provinsies het die aanvraag na onderwys op hierdie onderwysvlak betreklik stadiger toegeneem. Die rede vir die sneller styging in die aanvraag na onderwys in die geval van Transvaal moet in die fiet gesoek word dat 6 van die 10 nywerheids-goeipunte van die Republiek van Suid-Afrika in die Transvaal geleë is.¹⁹ Wat tersiêre onderwys betref, kan slegs gemeld word dat in verhouding tot sy bevolking die Republiek van Suid-Afrika vandag meer studente het as enige ander land behalwe die Verenigde State van Amerika. Volgens 'n verslag van die R.G.N. (1972) gaan studeer tussen 54 persent en 55 persent van die matrikulante verder (aan tersiêre inrigtings). Tussen 1950 en 1974 het die aanvraag op hierdie vlak met 350 persent toegeneem.²⁰

1.2 Enkele redes vir die toenemende aanvraag na onderwys

1.2.1 *Demokratisering van die onderwys*

Gelyke onderwyskanse en geleenthede vir almal het meegebring dat daar 'n geweldige aanvraag was, en tans nog is, na sekondêre en tersiêre onderwys van die kant van die middel- en lae-inkomstegroepe. Vroeër was hierdie vlakke van onderwys nie vir bogenoemde mense toeganklik nie. Om hierdie rede het die demokratisering van die onderwys sy grootste invloed op die sekondêre en tersiêre onderwysvlakke.²¹

Die drie dekades ná die 2de wêreldoorlog sal altyd aangemerkt staan as die periode van 'n beslissende en radikale verandering op die terrein van die sekondêre en tersiêre onderwys in ontwikkelde lande. Onderwys wat bedoel was vir 'n elitegroepe is vervang deur onderwys vir die massas.

Hierdie „oopstel”, in beginsel, van die onderwys op alle vlakke vir almal het groot druk op die doeltreffendheid van die verskillende onderwysstelsels geplaas. Dit was veral die hoë drup- en uitsakingsyfer wat kommer gewek het en nog steeds wek. In 1969 is daar deur Unesco 'n uitgebreide ondersoek in verskillende lande na genoemde verskynsel onderneem en is daar gevind dat „in the majority of education systems, a large proportion of those enrolled will not obtain a school-leaving certificate, and many will abandon their studies at an early stage”.²² *Die beginsel van gelyke onderwysgeleenthede vir*

19. Statistiek verkry van die T.O.D.

20. Inligting verstrek deur die T.O.D.

21. Vergelyk SAUVY, A. Op. cit., p. 6.

22. Loc. cit.

almal het die beginsel van ongelyke kanse op sukses beklemtoon.

Dit was egter in die ontwikkelende lande waar die beginsel van onderwys vir almal, die grootste probleem geskep het. Ontoepaslik gekwalifiseerde onderwysers, verlaging van standaarde, grootskaalse druipe op tersiêre vlak, verlaging van universiteitstoelatingsvereistes, is almal probleme waarmee in hierdie lande geworstel word. Universiteite in hierdie lande word volgepak met studente wat in baie gevalle nie in staat is om die graad te behaal waarvoor hulle ingeskryf het nie.²³

1.2.2 Welvaart en voorspoed

Die toenemende welvaart en voorspoed sedert die Tweede Wêreldoorlog het ouers in staat gestel om vir hulle kinders beter geleenthede op sukses te verseker. Genoemde geleenthede hou tradisioneel verband met sekondêre en tersiêre onderwys.

1.2.3 Bevolkingsaanwas

Die na-oorlogse „Baby boom” het die aanvraag na onderwys op alle vlakke ook beduidend gestimuleer. Vooruitskattings vir die Blankebevolking van die Republiek van Suid-Afrika gee ’n gemiddelde groei van 1,5 persent per jaar vir die tydperk 1975 - 1985.²⁴ Indien immigrasie ingesluit word, is die gemiddelde groeikoers 2,2 persent. Aangesien die grootste aantal hiervan hulle in Transvaal kom vestig, sal dit dus die aanvraag na onderwys beduidend beïnvloed.

1.2.4 Onderwys skep sy eie aanvraag

Aanvraag na onderwys is selfvoedend — dit skep ’n eie dinamiek. ’n Bevolking wat skielik meer onderwys ontvang sal baie gou meer wil hê.²⁵

1.2.5 Skoolplig

Sedert die begin van hierdie eeu het die wetgewers van die verskillende lande toenemend die verpligte skoolbesoek-ouderdom verhoog. Dit het meegebring dat ’n groter hoeveelheid kinders langer op skool aanbly.

23. Vergelyk VAIZEY, J. Education in the modern world, p. 73.

24. Vergelyk T.O.D. beplanning van onderwysersopleiding, p. 1.

25. Vergelyk COOMBS, P. Op. cit., p. 20.

1.2.6 Veranderinge en hervormings in onderwysstelsels

Gedifferensieerde onderwys het 'n laer driuipsyfer en dus 'n groter oorlewingsyfer tot gevolg. Kinders bly langer op skool omdat hulle kans om te slaag, groter is. Dit voorspel egter in baie gevalle probleme vir die volgende onderwysvlak, naamlik die tersiêre. Die instelling van die Praktiese Onderwyskursus in Transvaalse sekondêre skole sal, byvoorbeeld meebring dat daar teen 1977 reeds 5400 kinders meer op skool sal wees.

2. DIE AANVRAAG NA ONDERWYSPERSONEEL

2.1 'n Kernvraagstuk

By verskeie geleenthede het die Minister van Nasionale Opvoeding verwys na die onderwys as kernfunksie wat 'n deurslaggewende rol in die wel en die weë van 'n volk se voortbestaan speel.²⁶ Op grond hiervan kan die aanvraag na onderwyspersoneel om die massas te onderrig sekerlik ook beskryf word as 'n kernvraagstuk.²⁷ Sonder die waarborg van 'n toepaslik opgeleide onderwyskorps vertoon elke hervorming of uitbreiding in die onderwys 'n werklikheidsdimensie wat net tot nadeel van die beroep in die algemeen kan strek.

2.2 Tendense in die aanvraag na onderwyspersoneel

In ontwikkelde lande was, en is, die aanvraag na onderwyspersoneel op die sekondêre en tersiêre onderwysvlakke in verhouding tot die primêre onderwysvlak baie hoog.²⁸ In Frankryk het die aanvraag na sekondêre onderwyspersoneel tussen die jare 1950 tot 1970 met 350 persent gestyg, terwyl dit op primêre onderwysvlak slegs 82 persent was.²⁹ Hierdie neiging moet toegeskryf word aan die feit dat primêre onderwys aan die begin van bogenoemde periode reeds 'n massaverskynsel was, terwyl dit nie die geval met sekondêre onderwys was nie.

In die geval van ontwikkelende lande is die aanvraag na onderwyspersoneel op al die vlakke hoog. Om enigsins 'n beeld van die omvang te verkry, kan gemeld word dat die aanvraag na onderwyspersoneel tussen 1950 en 1971 in Kenia met oor die 800 persent gestyg het.³⁰ Onderwys in hierdie lande is betreklik duur in verhouding met onderwys in ontwikkelde lande. In Amerika byvoorbeeld is die gemiddelde inkomste van 'n onderwyser 'n bietjie

26. Vergelyk *Mondstuk*, Jrg. 4, nr. 45 Mrt. 1976, p. 1.

27. Vergelyk COOMBS, P. Op. cit., p. 34.

28. Vergelyk O.E.C.D. Recent trends in teacher recruitment. p. 44.

29. Vergelyk Inligtingstuk versprei deur die Franse regering, 1972, p. 56.

30. Vergelyk UNESCO. Statistical year book, 1973.

meer as 2 maal die per kapita-inkomste, terwyl dit in ontwikkelende lande tot so hoog as 30 maal die per kapita inkomste kan wees.³¹ Om hierdie rede word dikwels van swak gekwalifiseerde onderwyspersoneel gebruik gemaak omdat hulle dienste goedkoper is. Tussen 1960 en 1970 het minder as die helfte van die onderwyspersoneel in Afrika meer as primêre skoolopleiding ontvang.

2.3 Tekorte aan onderwyspersoneel en enkele redes daarvoor

Gedurende die jare 1950 tot 1970 het die meeste lande 'n tekort aan onderwyspersoneel ondervind. In ontwikkelde lande was die grootste tekorte op sekondêre onderwysvlak en gewoonlik in daardie vakke wat ook buite die onderwys in aanvraag was; met ander woorde die nie-kompeterende aard van die onderwysberoep, tesame met die wêreldwye tekort aan hoëvlak-mannekrag moet onder andere gesien word as van die belangrikste redes vir die tekort aan onderwyspersoneel. As verskaffer en verbruiker van hoë-vlak-se mannekrag slaag die onderwys dus nie daarin om die beste „produkte” wat die onderwys oplewer vir die onderwys te behou nie. Die onderwys moet in die meeste gevalle met die „tweede bestes” tevrede wees.³² Dit is noodsaaklik dat die onderwys van sy beste „produkte” moet behou om sodoende ander verbruikers van die regte kwaliteit hoë-vlak-se mannekrag te voorsien.

Uit ondersoeke wat in verskillende lande gedoen is, blyk dit dat die onderwys nog altyd 'n swak kompeteerder was, en nog is. Gedurende 1963, toe die tekorte aan onderwyspersoneel in Amerika 'n hoogtepunt bereik het, is met 'n ondersoek, onder andere gevind dat die gemiddelde salaris van 'n onderwyser aansienlik laer is as die van 17 ander professies wat presies dieselfde opleiding vereis.³³ Byna 10 jaar na hierdie ondersoek het sake met betrekking tot die onderwys sodanig verbeter dat Lightfoot in 1972 kon skryf: „Teaching has become more glamorous, more humanitarian, and more desirable; public opinion polls show that it is now one of the most popular vocations for all classes of people”.³⁴ Volgens 'n vooruitskatting van die Amerikaanse buro vir arbeidstatistiek sal daar aan die einde van hierdie dekadde 'n surplus van 2 000 000 onderwysers in Amerika wees.³⁵

In ander ontwikkelde lande is die algemene tekort aan onderwyspersoneel

31. Vergelyk VAIZEY, J. Op. cit., p. 155.

32. Vergelyk COOMBS, P. Op. cit., p. 35.

33. Vergelyk NELSON, R.H. THOMPSON, M.L. Why teachers quit, in: *The education digest*. Vol. XXIX Sept. 1963, no. 1, p. 12.

34. Vergelyk LIGHTFOOT, A. Teacher surplus in the seventies, in: *Journal of teacher education*, Vol. XXIII, no. 2. September 1972, p. 225.

35. Ibid., p. 226.

ook besig om af te neem. So word gereken dat onderwyspersoneeltekorte teen 1985 in Duitsland uitgewis behoort te wees.³⁶ Volgens 'n Witskrif van die Departement van Onderwys en Wetenskap in Engeland word aanbeveel dat die aantal plekke van voornemende onderwysstudente vanaf 1979 met 4 000 verminder moet word.³⁷ In ontwikkelende lande sal die tekorte aan onderwyspersoneel volgens verskeie aanduidings vir die voorsienbare toekoms op alle vlakke hoog bly.

Die rede vir die vernouing van die gaping tussen aanvraag en aanbod van onderwyspersoneel in ontwikkelde lande was, en is die gekombineerde effek van die verbetering van die middel- en hoëvlakse mannekragvoorsiening en die uitbreiding van ondersysopleidingsfasiliteite. Omdat ons in die Republiek van Suid-Afrika, in vergelyking met ander ontwikkelde lande, met 'n groot mannekragtekort sukkel, sal die aanvraag na onderwyspersoneel die aanbod vir 'n geruime tyd nog oorskry, indien die onderwys nie meer kompetierend gemaak word nie.

Voordat ons egter in groter besonderhede ingaan op die stand van sake in die Republiek van Suid-Afrika, en spesifiek in Transvaal, moet ons kortliks let op probleme ten opsigte van die bepaling van tekorte en surplusse van onderwyspersoneel.

2.3.1 *Die problematiek met betrekking tot tekorte en surplusse van onderwyspersoneel*

Daar moet teen die ooreenvoudiging van bogenoemde vraagstuk gewaarsku word. Basies het ons hier te make met 'n „problem of quality — of getting a large enough quantity of the right quality”.³⁸ Om slegs die getal onderwyspersoneel en die onderwysposte te tel, kan misleidend wees. Op hierdie wyse kan wel iets geleer word met betrekking tot die surplusse en tekorte in verband met sekere vakke maar dit leer ons weinig of niks omtrent die kwaliteit van die onderrig wat gegee word nie.³⁹

Volgens 'n skatting van die National Education Association was daar in 1973 'n surplus van 139 000 onderwysers in die Verenigde State van Amerika. Na 'n ondersoek is egter gevind dat indien effektiewe onderwys as maatstaf geneem word, daar in werklikheid 'n tekort van 595 000 onderwysers sal wees. Indien hierdie maatstaf oral aangeneem word, sal surplusse met betrekking tot onderwyspersoneel selde voorkom.⁴⁰

36. Vergelyk *Education in Germany*, B.E. — 12 · 71 (c), p. 30.

37. Vergelyk *The Times higher education supplement*, no. 228, 5 March 1976, p. 1.

38. Vergelyk COOMBS, P. Op. cit., p. 34.

39. Vergelyk CORRIGAN, C. Do we have a teacher surplus?, in: *The journal of teacher education*, Vol. XXV, no. 3, 1974, p. 196.

40. Vergelyk GRAYBEAL, S. Status and trends in public school teacher supply and demand, in: *The journal of teacher education*, Vol. XXV, no. 3, 1974. p. 200.

Genoemde stand van sake weerspieël ook die gehalte van die opleiding van onderwysers. Is die onderwyser of onderwyseres werklik in staat om die seun en dogter van vandag vir môre en oormôre op te voed? Dit wil voorkom of, as gevolg van snelle vernuwing en veranderinge in die onderwys, 'n onderwyskorps wat gister nog aanspraak kon maak op die attribuut doeltreffend baie maklik môre of oormôre nie meer dié stempel sal kan vertoon nie. Dit laat ook die vraag ontstaan of daar nie meer aandag aan die opleiding van dosente wat verantwoordelik is vir die opleiding van onderwyspersoneel, gegee moet word nie.

Voorts word dit ook duidelik dat daar 'n noue verband bestaan tussen die kwaliteit en die kwantiteit van onderwyspersoneel. Hoe groter die tekorte aan onderwyspersoneel, hoe swakker die gehalte van die onderwys. Hoe groter die surplusse aan die ander kant hoe doeltreffender die onderwys. Slegs in geval van surplusse kan daar stelselmatig ontslae geraak word van die „swakker” onderwyser of onderwyseres.

Die voorsiening van toepaslik gekwalifiseerde onderwyspersoneel is 'n probleem waarmee daar wêreldwyd geworstel word. In die Republiek van Suid-Afrika, en spesifiek in Transvaal, is hierdie vraagstuk die oorsaak van groot kommer in onderwysgeledere. Ons let vervolgens op enkele aspekte ten opsigte van die voorsiening van onderwyspersoneel in Transvaal.

2.4 Aanvraag en aanbod van onderwyspersoneel in Transvaal

2.4.1 Tekorte aan onderwyspersoneel 'n ou probleem

Die jaarlikse verliese aan onderwyspersoneel en die bykomende leerkragte benodig weens die natuurlike groei in leerlinggetalle is, veral ten opsigte van sekondêre onderwys, 'n probleem waarmee die Transvaalse Onderwys Departement sedert die depressiejare worstel. Dit was skynbaar slegs gedurende die depressiejare dat die onderwyseraanbod die onderwyseraanvraag oorskry het. Dit wil voorkom asof die aantreklikheid en gesogtheid van die onderwysberoep gepaard gaan met moeilike en harde ekonomiese tye. Die huidige swak ekonomiese toestande mag dus in die guns van die onderwys wees.

Ons het dus hier te make met 'n betreklik ou probleem. In die Transvaalse Onderwys Departement — verslag vir die jaar eindigend op die 31ste Desember 1950 staan daar onder die opskrif, „Tekorte aan Onderwysers” die volgende: „In vorige verslae is die aandag gevestig op hierdie vraagstuk ... Die verhoogde inskrywings het die tekorte vererger”. Ons het hier te make met 'n probleem wat saam met die Transvaalse Onderwys Departement gegroei het.

Die feit dat genoemde probleem vandag nog 'n probleem is, dui op 'n permanensie in die aard daarvan. Die vraag ontstaan naamlik of dit na al die jare opgelos kan word? Indien dit wel moontlik sou wees, dan dui dit

ongetywfeld op 'n onderskatting van die probleem in die verlede. Het hierdie probleem nie verlede jaar vir die eerste keer die erkenning gekry wat nog altyd afwesig was nie? Dit was eers verlede jaar toe die georganiseerde beroep, die ouergemeenskap, kultuur- en kerklike organisasies, gemotiveerd, hulle kragte in belang van die onderwys saamgesnoer het en aangedring het op 'n herwaardering van die onderwysberoep, dat genoemde probleem die erkenning gekry het wat dit voorheen nie gekry het nie, en dat bogenoemde instansies ontdek het hoe ver die onderwys op die protokolys afgeskuif het.⁴¹

Die kern van die probleem is volgens „Mondstuk”, „dat honderde leerlinge in bepaalde klasgroepe sonder onderwysers is en dat daar in die onmiddellike toekoms niks aan gedoen kan word nie”.⁴² As daaraan gedink word dat sowel die ontwikkelingsmoontlikhede van alle bedrywighede van 'n land as die kwaliteit en perke van alle dienste hulle beslag in die klaskamer kry, dan voorspel bogenoemde omstandighede niks goeds vir die toekoms nie.

2.4.2 *Agtergrond van die probleem*

Dit blyk uit gesprekke wat met bekende opvoedkundiges gevoer is dat die Afrikaner nog tot laat in die veertigerjare in redelike getalle tot die onderwys toegetree het. Roepingsbewustheid was in baie gevalle nie die dryfveer agter hierdie beweging na die onderwys nie, maar die feit dat dit 'n redelike goedkoop manier was om geleerdheid te bekom, was dikwels die aantrekkingskrag. Origens was beroepsalternatiewe ook beperk.

Met die grootskaalse nywerheidsontwikkeling ná die Tweede Wêreldoorlog het meer beroepsalternatiewe ontstaan. As gevolg van die nie-kompeterende aard van die onderwysberoep het daar gedurende die laat veertigerjare 'n baie sterk beweging weg van die onderwys ontstaan.⁴³ Die Engelse deel van die bevolking het eerste uitbeweeg. In 1936 het 20 persent van die Engelsprekende matrikulante in Transvaal die onderwys as loopbaan gekies terwyl dit in 1974 slegs 11 persent was. Dieselfde neiging word ook by die Afrikaner opgemerk. In 1936 het 32 persent van die Afrikaanssprekende matrikulante die onderwys as loopbaan gekies terwyl dit 2 jaar gelede net 18 persent was. By beide Engelsman en Afrikaner is die onderwys tans 'n beroep wat beslis nie aantrek nie.

In samehang hiermee moet ook opgemerk word dat, soos trouens in die res van die wêreld gebeur, dit ook in Transvaal gebeur dat die beste leerlinge wat die onderwys oplewer, nie vir die onderwys behoue bly nie. Volgens inligting wat verkry is deur middel van 'n vraelys wat deur onderwysstudente

41. T.O.D. Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1950, p. 16.

42. Vergelyk *Mondstuk*. Jrg. 4 no. 37, 1975. p. 1.

43. Vergelyk T.O.D. Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1950. p. 16.

43 10 Junie 1975.

aan ons drie Afrikaanse Universiteite in Transvaal voltooi is, blyk dit, onder andere dat slegs 15,3 persent van die eerstejaars in 1976 een of meer simbole bokant 'n C het, met ander woorde dat 84,7 persent van die eerstejaarstudente nie simbool hoër as 'n C het nie.

In die sestigerjare het beroepsmoontlikhede vir die vrou ook aansienlik toegeneem. Die gevolg was dat die vrou ook nie meer so geredelik die onderwys as loopbaan kies nie. Ons kan dus in 'n sekere sin praat van 'n volksbeweging weg van die onderwys. Hierdie stand van sake word verder gemanifesteer in die feit dat hoewel ouers aandring op die beste onderrig vir hulle kinders, hulle nie die onderwys goed genoeg ag om hulle kinders aan te moedig om dit as loopbaan te kies nie. Dit gebeur ook dikwels dat leerlinge by die keuse van 'n beroep eers oorweging aan die onderwys gee nadat ander deure vir hulle toegegaan het.⁴⁴ Ons let vervolgens op die huidige stand van sake met betrekking tot onderwyspersoneel in Transvaal.

2.4.3 Die huidige stand van onderwyspersoneel in Transvaal

2.4.3.1 Jaarlikse aanvraag en aanbod van onderwyspersoneel

Verlede jaar het 2539 (12 persent) onderwysers die diens van die Transvaalse Onderwys Departement verlaat. Die getal wat vanjaar toegetree het tot die onderwys in Transvaal was 1132. Daar was dus aan die begin van 1976 1407 minder onderwysers beskikbaar as in 1975.⁴⁵

Verder was daar onder die 2539 onderwysers wat uit die Transvaalse Onderwys Departement se diens getree het 433 mans wat bedank het. Die grootste persentasie hiervan was verbonde aan die sekondêre skool. Hierteenoor het slegs 81 manlike studente as verbintenisstudente aan Transvaalse Universiteite, afgestudeer in 1975, vanjaar tot die onderwys toegetree. Hierdie getal is deur die loop van die jaar aangevul met nie-verbintenisstudente en studente uit ander provinsies, en verder is daar ook van die veld gewerf. Daar word tans 'n redelike terugvloei van onderwysers ondervind. Aan die einde van Julie was die aantal onderwysers wat teruggekeer het reeds groter as die aantal wat gedurende die hele 1975 teruggekeer het tot die onderwys.

Laasgenoemde verskynsel dui op 'n geleidelike terugvloei van manlike onderwysers na die onderwys en kan andersyds gesien word as die reaksie op 'n verwagting wat deur die onderwysowerhede gewek is en andersyds as 'n

44. Vergelyk TRANSVAALSE PROVINSIALE RAAD. *Debatte en verrigtinge*, Vol. 158,

45. Vergelyk U.P. STUDIESTUK: Tekort aan Onderwysers, p. 1.

46. Inligting verstrek deur verantwoordelike amptenare van die T.O.D.

reaksie op die swak ekonomiese tyd wat ons belewe.

Vir die volgende paar jaar sal die aanvraag na onderwyspersoneel deur die Transvaalse Onderwys Departement min of meer op 3 000 per jaar te staan kom. Om hierdie getal per jaar te lewer, moet daar ten minste 6 000 leerlinge die onderwys jaarliks as loopbaan kies. Daar skryf gemiddels 20 000 leerlinge jaarliks die matriekeksamen in Transvaal. As twee vakke in die hoër graad plus die moedertaal geslaag moet word, haal 5 000 nie die paal nie. 'n Verdere 1 000 val weg met keuring op grond van karakter en persoonlikheidsprobleme. Daar bly dus 14 000 oor. Hiervan moet 6 000 die onderwys as loopbaan kies indien daar voorsien wil word in die jaarlikse behoefte. Uit die orige 8 000 moet al die ander beroepe voorsien word, wat totaal onrealisties is. Die aanvraag na onderwyspersoneel oorskry dus geheel en al die aanbod.⁴⁷

Volgens statistiek wat verkry is van die Kaapse Onderwysdepartement blyk dit dat die werklike aanvraag na onderwyspersoneel by Primêre skole die hoogste is. Die vernaamste rede hiervoor is die huwelikstatus van die damespersoneellede. Aan die sekondêre skool is die natuurlike groei die hoogste, maar aangesien daar gewoonlik minder dames aan die sekondêre skool verbonde is, is die wisseling ook kleiner en gevolglik is die aanvraag nie so hoog soos by die primêre skool nie.

In 1973 het die Transvaalse Onderwys Departement die volgende interessante statistiek met betrekking tot die dames in die onderwys beskikbaar gestel: 230 dames het in die huwelik getree, met 'n gemiddelde diens van 2,86 jaar.

900 dames het om ander redes bedank, met 'n gemiddelde diens van 4,96 jaar.⁴⁸ Na dié mate wat die dame die man in die sekondêre skool vervang, na dié mate sal die aanvraag op genoemde vlak dus toeneem.

2.4.3.2 *Verhouding van dame- tot man*

Dat die onderwys tans besig is om oor die hele linie te vervroulik is algemene kennis. Op die oomblik is slegs 47 persent van die sekondêre onderwyspersoneel in Transvaal nog mans.⁴⁹ Van die totale onderwyskorps in Transvaal is slegs 34 persent nog mans. Alles dui daarop dat hierdie neiging in die toekoms sal toeneem indien daar nie iets drasties gedoen word aan die beeld van die onderwys nie. Tans is min of meer 25 persent van die onderwysstudente (sekondêr) aan die Afrikaanse Universiteite in Transvaal mans.⁵⁰ Die

47. Ibid.

48. Vergelyk T.O.D. Beplanning van Onderwysersopleiding, p. 20.

49. Ibid., p. 12.

50. Inligting verkry deur 'n vraelys.

gevaarlike neerslae van hierdie neigings is aan almal bekend en wek inderdaad kommer, naamlik swak identifikasie met die manlike figuur by die dogter, en feminisme by die seuns.

Dit blyk egter ook dat hierdie neiging implisiet 'n invloed op die kwaliteit van die onderwys het. Sommige provinsies is selfs bereid om hulle keuringskriteria in geval van die man te verlaag; met ander woorde 'n swakker man kry voorkeur bo 'n beter dame. Geslag word dus die maatstaf en nie meriete nie.⁵¹ Hierdie verskynsel kan ook die professionalisering van die beroep vertraag; met ander woorde diskriminasie teen die vrou sal die beroep nie verbeter nie.

Dit wil ook voorkom asof die tekort aan mans verband hou met die sogenaamde tekort aan onderwyspersoneel vir die skaars vakke. Vakke soos Wiskunde, Wetenskap en tegniese vakke is in die reël nie die eerste keuse vir dogters nie; met ander woorde hoe minder mans, hoe groter die probleem met betrekking tot die skaars vakke.

Voorts het dit ook duidelik geword dat die manlike onderwysstudent aan die Afrikaanse Universiteite in Transvaal oor die algemeen van 'n swakker gehalte as die damestudent is. Slegs 9 persent van die totale aantal matricsimbole van hierdie manstudente is bokant 'n C, terwyl dit in die geval van die dames 22 persent is.⁵² Die kwaliteit van die manlike student wat gewerf word vir die onderwys word ook duidelik weerspieël in die volgende statistiek:

Gedurende 1974 is 59 mans gewerf as moontlike bedryfskennisonderwysers. Van hierdie groep mans kon 39 of 66 persent nie die skoolindeksamen slaag nie.⁵³

Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat die vervrouliking van die onderwys steeds toeneem en dat die mans wat die onderwys as loopbaan kies oor die algemeen nie van dieselfde kwaliteit as die dames is nie.

2.4.4 Faktore wat erosie van onderwyspersoneel veroorsaak

Volgens 'n studiestuk van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria word die volgende as moontlike oorsake vir erosie van die onderwyspersoneel voorgelê.

51. Inligting aan my verskaf deur die adjunk-direkteur van die Natalse Onderwysdepartement.

52. Inligting verkry deur vraelys.

53. Vergelyk U.P. FAKULTEIT OPVOEDKUNDE, Studiestuk. Tekort aan onderwysers, p. 3.

1. Salarisse

'n Oppervlakkige vergelykende studie van salarisstrukture, met vereiste ervaring in aanmerking geneem, toon oteenseglik die geweldige agterstand van die onderwysberoep. Selfs binne die staatsdiens blyk dit dat die onderwys nie kompetierend is nie.

Die meerderheid van onderwysstudente aan Transvaalse Afrikaanse Universiteite weet van 'n vriend of vriendin wat in die onderwys was maar bedank het. In 95 persent van die gevalle word die rede vir die bedanking as onbevredigende salaris aangegee.⁵⁴

2. Oorbelading van onderwysers

Die belangrikste aspekte van hierdie faktor wat algemeen bekend is, is die volgende:

- 2.1 Buitemuurse pligte.
- 2.2 Administratiewe roetine en nie-professionele opdragte.
- 2.3 Fondsinsameling.
- 2.4 Onvoldoende personeelvoorsiening.
3. Verlofvoorregte.
4. Sekonderings- en aflospersoneelbeleid.
5. Inspeksiestelsel.
6. Eksamenstelsel.
7. Gedurige wysiginge in sillabusse en werkskemas.
8. Onvoldoende bevorderingsgeleenthede.

Dit is al hierdie faktore wat daartoe bydra dat die onderwys van sy beste talente verloor. Dit is hierdie faktore wat implisiet daarvoor verantwoordelik is dat slegs 43 persent van alle leerkragte in hoërskole toepaslik opgelei is vir die vakke wat hulle onderrig.⁵⁵ Die grootste tekorte in onderwyspersoneel kom voor in daardie vakke wat ook buite die onderwys in aanvraag is. So byvoorbeeld was byna 59 persent van die totale aantal onderwysers in die sekondêre skool wat Natuurwetenskap onderrig het gedurende 1974 nie toepaslik opgelei vir hulle taak nie. Die hoë druipsyfer aan Universiteite in hierdie vak hou sekerlik verband met hierdie swak toedrag van sake op skool. Voeg hierby nog die feit dat volgens statistiek van die afgelope 3 jaar 20 persent van die afgestudeerde onderwysstudente aan Universiteite

54. Inligting verkry deur vraelys

55. Vergelyk *Die Vaderland*, 20 Mei 1976, p. 1.

nooit toetree tot die onderwys nie,⁵⁶ dan kry ons enigszins 'n beeld van die dilemma waarin die onderwys verkeer.

2.4.5 *Verdere probleme ten aansien van beleid en praktyk by die Transvaalse Onderwys Departement*

2.4.5.1 *Werwing en keuring*

Ten spyte van die groot tekorte aan sekondêre onderwyspersoneel in Transvaalse skole blyk dit volgens inligting verkry by die verskillende Afrikaanse universiteite dat die opleidingsinstansie in hierdie geval nie mag funksioneer as werwingsinstansie nie.⁵⁷ Aangesien die opleidingsinstansie (die universiteit) geen inspraak het by beurstoekening nie sou dit in elk geval ook nie veel sin hê om as werwingsinstansie op te tree nie.

Dit blyk ook dat onderwysstudente wat vir die sekondêre skool gewerf word nie behoorlik ingelig is ten opsigte van die verskillende onderwyskurse wat universiteite aanbied nie. So is daar byvoorbeeld gevind dat eerstejaarstudente aan die Universiteit van Pretoria, wat hulle aangemeld het vir die onderwys, nie die onderskeid ken tussen die H.O.D. en die vierjarige onderwysgerigte (Ed.-grade) nie. Studente vanaf Hoër Tegniese Skole was ook nie daarvan bewus dat 'n diplomakursus in tegniese onderwys aan die betrokke Universiteit aangebied word nie. Oor die algemeen is studente heeltemal onbekend met die vereistes waaraan 'n graad moet voldoen ten einde as onderwyskwalifikasie te geld.

Laasgenoemde stand van sake word bevestig deur studente wat tans nog in opleiding is. Dit blyk onder andere dat 45 persent van die onderwysstudente aan die Afrikaanse universiteite in Transvaal of geen voorligting tydens werwing ontvang het nie of foutiewe voorligting ontvang het ten opsigte van die kursus wat hulle wou gaan volg.

Die feit dat 20,6 persent van die totale aantal verbintenisstudente gedurende 1974 en 1975 hulle onderwysopleidingskurse gestaak het, en dat hulle as rede vir hierdie stap onder andere aangevoer het dat hulle nie die akademiese werk kon behartig nie, is 'n refleksie op die keuring van hierdie studente. Die probleem is egter dat indien die keuringskriteria strenger gemaak word dit die gaping wat reeds tussen vraag en aanbod bestaan, sal vergroot.

56. Vergelyk *Die Vaderland*, 20 Mei, 1976, p. 1.

57. Vergelyk Inligting verskaf deur verantwoordelike dosente.

3. GEVOLGTREKKING

1. Die feit dat die onderwys sy eie aanvraag ontwikkel, het tot gevolg dat massa-onderwys op een vlak noodwendig aanleiding tot massa-onderwys op die volgende vlak gee. Demokrasiering van die onderwys is nog lank nie op die sekondêre en tersiêre vlakke ten volle geïmplementeer nie. In Europa het daar tot 1973 nog in geen land 50 persent van die ter sake ouderdomsgroep die sekondêre skool voltooi nie. Daar bestaan ook 'n algemene neiging om die skoolpligouderdom te verhoog. Voeg hierby die feit dat daar nog miljoene analfabete is wat wag op onderwys en dat die deelnemingskoers van kinders uit laer sosiale stande, ten opsigte van tersiêre onderwys, nog laag is, dan begryp 'n mens dat die aanvraag hoog sal bly, ten spyte van 'n daling in die geboortesifer in sommige Westerse lande.

3.2 Ook die aanvraag na onderwyspersoneel sal uit die aard van die saak toeneem. Afsien van bogenoemde faktore, wat natuurlik ook die aanvraag na onderwyspersoneel bepaal, bestaan die neiging tans in ontwikkelde lande om die onderwyser-leerlingverhouding te verklein. Dit beteken onder andere dat die onderwyserskorps vinniger vermeerder as die leerlingtal. Wat ontwikkelende lande betref, blyk dit dat daar vier sake is wat in hierdie lande aanleiding gee tot groot probleme wat nie op die korttermyn opgelos kan word nie, naamlik die kwaliteit en kwantiteit van die onderwyserskorps, die kurrikulum, die tipe voornemende leerlinge, studente en skoolverlaters, en werksgeleenthede.

3.3 Dit blyk ook dat alle volke se behoefte aan goeie onderwys onmiddellik is en dat goeie onderwys duur is. Dit blyk ook dat baie volke hierdie waarheid nog nie ten volle begryp nie. Die persentasie van die Bruto Binnelandse Produk wat aan die onderwys gaan, neem jaarliks toe. Die Republiek van Suid-Afrika, wat verlede jaar slegs 4,1 persent van die Bruto Binnelandse Produk vir die onderwys afgestaan het, vergelyk swak met 'n ander ontwikkelde land soos Kanada, wat verlede jaar 8,5 persent van die Bruto Binnelandse Produk vir onderwys geskenk het. Dit is die hoë kostes wat in baie ontwikkelende lande die vrye toegang tot die onderwys beperk.

3.4 Dit is verder ook duidelik dat die kwaliteit van die onderwys in veral die Transvaalse sekondêre skole in die toekoms bepaal sal word deur wat met die onderwyserssalarisse gaan gebeur. Laasgenoemde sal deur die vlak en spoed van die ekonomiese ontwikkeling, die neiging van kompeterende salarisse, die prioriteit wat aan die onderwys gegee word en die inflasiekoers bepaal word. As laasgenoemde nie beveg en oorwin kan word nie, kan die onderwys die lydende party wees. Die Blanke-onderwyserskorps van die Republiek van Suid-Afrika is huidig 'n „verwagtede” korps en of dit 'n „seun” of „dogter” gaan wees, maak nie soveel saak nie, dit moet net nie 'n „misgeboorte” wees nie; met ander woorde die verwagtings wat by die onderwyspersoneel geskep is, moet realiseer.

3.5 Dit wil ook voorkom asof daar in die verlede by die vasstelling van salarisskale van Blanke-onderwyspersoneel nie juis rekening gehou is met die neigings en posisie van die arbeidsmark en met die ekonomiese wet van vraag en aanbod nie. Dit is die rede waarom die private sektor verlede jaar uit een onderwysstreek van Transvaal 260 onderwysers kon „koop”. Enige persoon of instansie wat die huidige posisie in die onderwys wil omkeer, moet beseft dat realistiese salarisverhogings die enigste realistiese antwoord is en dat dit betyds moet geskied.

3.6 Die onderwyser word in baie gevalle so vasgevang deur nie-professionele take en opdragte dat sy primêre taak dikwels 'n nie-professionele stempel dra. Die professionalisering van die onderwysberoep is 'n saak waaraan daar tans in baie lande aandag gegee word en dit wil voorkom of dit in Transvaal, en trouens in die Republiek van Suid-Afrika, ook dringende aandag nodig het. Om ontslae te raak van die nie-professionele element in die onderwys lyk in elk geval nie na 'n korttermyn saak nie.

3.7 Voorts wil dit ook voorkom of die getal vroue in die onderwys oor die wêreld besig is om toe te neem. Dit is selfs waar in die geval van tegniese onderwys. Tans is slegs 34 persent van die Blanke-onderwyserskorps in die Republiek van Suid-Afrika mans. Indien die vervrouliking van die onderwys teen die huidige koers voortgaan, kan die persentasie mans afneem tot 25 persent binne die volgende paar jaar. Dit blyk ook dat daar 'n verband is tussen die afname in manspersoneel en die toename in tekorte aan personeel vir die sogenaamde skaarsvakke.

3.8 Hoewel dit duidelik is dat die swak posisie met betrekking tot onderwyspersoneel aan die sekondêre skool in Transvaal nie deur doeltreffende werwing reggestel kan word nie, is ek daarvan oortuig dat dit die toestand baie kan verbeter. Rekrutering van goeie onderwysstudente is 'n top prioriteit in die onderwys by al die lande wat bestudeer is. Dit wil voorkom of die samewerking tussen die opleidingsinstansie en die werwingsinstansie in Transvaal vir die sekondêre onderwys veel te wense oorlaat. Ongeveer 45 persent van die onderwysstudente aan die drie Afrikaanse universiteite het glad nie voorligting gekry nie, of foutiewe voorligting gekry met betrekking tot die kursusse wat hulle aan universiteite wou gaan volg. Dit blyk in elk geval duidelik dat die volle potensiaal van werwing vir die onderwys nog geensins ten volle ontgin word nie.

3.9 Na aanleiding van die geslaagde poging van die georganiseerde professie verlede jaar toe die knelpunte in die onderwys openbaar gemaak is, en die publiek en verskeie instansies daarop op geen onseker wyse gereageer het nie, lyk dit tog asof 'n goed ingeligte kieserskorps die beste waarborg is teen verwaarloosing van die onderwys. Die skool is deel van die gemeenskap en die gemeenskap moet ook deel van die skool wees.

3.10 Inrigtings wat onderwysers oplei, sal op groot skaal betrokke moet raak by eksperimentering en navorsing. Onderwystegnieke het sy weg in

ons onderwysmetodiek gevind deur tru-projektors, toekringtelevisie, die taallaboratorium, ensovoorts. Hoewel hierdie tegniese hulpmiddele die onderwyser nooit sal uitkakel nie, bied dit tog uitsoekmoontlikhede om al die kind se sintuie by die leerproses te betrek. Die enigste wyse om die goeie onderwyser in aanraking met die kind te bring, mag in die toekoms deur middel van tegniese onderwysmiddele wees.

3.11 Dit blyk ook dat daar, vanweë die groot jaarlikse toestroming van immigrante na die Republiek van Suid-Afrika aandag gegee sal moet word aan spesiale opgeleide onderwyspersoneel om immigrantekinders te onder-
rig.

3.12 Die huidige neiging van aandrang van die kant van Swart Suid-Afrikaners vir verpligte onderwys gaan 'n onmoontlike toestand skep, en as dit moet gebeur dat aparte skole iewers in die toekoms afgeskaf gaan word, sal dit chaos afgee. Dit sou interessant wees om te sien in welke mate die tekorte aan onderwyspersoneel sal afneem indien al die Blanke-onderwyspersoneel uit Nie-Blanke-onderwysdepartemente onttrek word vir die gebruik in Blanke-onderwysdepartemente.

4. ENKELE AANBEVELINGS

4.1 Aangesien die Transvaalse Onderwys Departement nie genoegsame onderwysers kan werf en behou met die bestaande eenvormige salarisstruk-ture nie, behoort aandag aan gedifferensieerde salarisstrukture gegee te word. Dit sal veral van toepassing wees op onderwysers wat vakke onderrig wat buite die onderwys ook in aanvraag is. In 'n vrye mark ekonomie waar baie aanbieders en aanvraders is, word die prys van 'n kommoditeit deur die ekono-miese wet van vraag en aanbod bepaal. Dit beteken dat indien daar baie aanbieders is en min aanvraders die prys laag sal wees, terwyl dit andersom hoog sal wees. Toegepas op die aanvraag na onderwyspersoneel sal dit bete-ken dat sommige onderwysers se dienste duurder gaan wees om te bekom as ander se dienste omdat die aanvraagfrekwensie van sekere vakke hoër is as dié van ander vakke. Hoewel die reaksie van die onderwyspersoneel wat nie in die „skaars” kategorie val nie, een van ontevredenheid kan wees, blyk dit tog die enigste wyse te wees waardeur genoegsame onderwysper-soneel na die onderwys getrek kan word om onderrig in die sogenaamde „skaarsvakke” te gee. Hoewel hierdie stap aanvanklik groter uitgawes gaan beteken, kan dit op die langtermyn 'n belegging blyk te wees. Die beter kwa-liteit onderrig mag byvoorbeeld 'n dalende druipsyfer op skool sowel as Universiteit tot gevolg hê, en dit kan dus die eenheidskoste wesentlik be-invloed.

4.2 Die werwingspotensiaal van onderwysstudente moet ten volle ont-gin word. Daar behoort ernstig gedink te word aan 'n nasionale werwings-instansie vir die onderwys. Ten spyte van Wet 39 van 1967 bestaan daar

vandag nog nie 'n nasionale beleid ten opsigte van keuring en werwing van onderwysstudente nie. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat daar nie baie aandag in die Vrystaat aan werwing van onderwysstudente gegee word nie omdat daar geen noemenswaardige tekorte aan onderwyspersoneel ondervind word nie. Indien daar in die Oranje Vrystaat egter intensief gewerf word, mag dit blyk dat baie meer leerlinge hulle tot die onderwys sal wend en kan hulle na die Transvaal, waar tekorte aan onderwyspersoneel ondervind word, gekanaliseer word. Omdat onderwys onmisbaar is vir nasionale oorlewing is dit 'n nasionale saak en as die tekorte aan onderwyspersoneel in Transvaal uit ander provinsies aangevul kan word, dan moet dit gedoen word met al die middele tot ons beskikking.

Indien werwing landswyd gedoen word, beteken dit dat keuring ook heelwat vroeër in die jaar sal moet plaasvind. Tans vind werwing in Transvaal laat in die jaar plaas en omdat die resultate van werwing in baie gevalle, soos dit in die praktyk, eers baie later bekend word, is dit duidelik dat voornemende onderwysstudente hulle toevlug tot ander beroepe neem. 'n Meer professionele benadering is nodig met betrekking tot werwing en keuring van studente vir die onderwys.

Aangesien dit uit 'n ondersoek wat deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike navorsing gedoen is, blyk dat die ouer die beste werwer is, moet die ouer en ouergemeenskap daadwerklik by die werwingsaksie betrek word. Die aangewese kanaal waar die inisiatief geneem kan word om die ouer by so 'n werwingsaksie te betrek, is die Ouer-Onderwysersvereniging.

Massamedia, veral televisieprogramme moet ingespan word om 'n beter gesindheid te skep en 'n gunstiger klimaat teenoor die onderwys te bewerkstellig.

4.3 Dit bly in elk geval nog die individuele onderwyser wat verantwoordelik is vir die beeld van die onderwys. Om hierdie rede is groter professionalisering van die onderwyser noodsaaklik. Sake soos die opleiding en status van die onderwyser, toelatingsvereistes tot die onderwysberoep en professionele verantwoordelikheid is alles dinge wat ondersoek moet word en in lyn gebring moet word met die eise wat 'n professie stel. In sommige lande bestaan die gebruik om met die oog op professionalisering die onderwyser te onderwerp aan 'n proeftydperk; met ander woorde die onderwyser moet eers bewys lewer van sy onderwyskundigheid. So 'n stap kan egter tot gevolg hê dat die gaping tussen vraag en aanbod verder vergroot word.

4.4 Die behoefte om 'n herwaarderung van die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika te maak, was nooit dringender as tans nie. Die aangewese weg om die belangrikheid van die onderwys by die algemene publiek te beklemtoon, is om na analogie van die waterjaar ook 'n onderwysjaar aan te kondig.

4.5 Aard van die onderwys

Dit is opvallend dat daar nêrens in die literatuur wat bestudeer is 'n aanduiding is van die aard van die onderwys wat in aanvraag is nie.

In die geval van die Republiek van Suid-Afrika word deur middel van wetgewing vereis dat:

- (1) alle onderwys in die skole 'n Christelike karakter moet hê en
- (2) dat iemand wat as onderwyser opgelei word, sodanig toegerus moet wees dat hy uitvoering kan gee aan punt (1). Dit sal interessant wees om die verskillende wyses waarop daar gestalte aan hierdie Christelike karakter in skole gegee word na te gaan. Ten spyte van die wet wil ek tog beweer dat indien Christelike-Reformatoriese onderwys as kriterium geneem word by die bepaling van tekorte in die onderwys, ons in die Republiek van Suid-Afrika ons midde in 'n onderwyskrisis bevind.

Die rede vir die radikale bewering is onder andere die stand van sake aan ons Blanke universiteite, wat verantwoordelik is vir die opleiding van onderwyspersoneel vir die sekondêre skool. Juridies word alle universiteite in die Republiek van Suid-Afrika met die uitsondering van die PU vir CHO tot sogenaamde „neutrale” universiteite verklaar. Hoe sou 'n „neutrale” wetenskapsbenadering die onderwyser in staat stel om sy vak vanuit 'n Christelike gesigspunt te gee? Dit blyk dus dat ten spyte van wet 39 van 1967 ons skole, onopgemerk deur die Christen-ouer, die draer kan wees van 'n afvallige lewensbeskoulike cachet. Dit kan alleen verhoed word as die onderwyser 'n Christelike beginselopleiding ontvang.

Hoewel daar by talle geleenthede in Christelike-Reformatoriese opvoedkundige kringe lank en breed besin is oor die Christelike onderwys het die positivering van die Christelike beginsel in die praktyk nog nie tot sy reg gekom nie.

Waar die toespitsing in hierdie nuwe Departement juis op die onderwyspraktyk sal wees, daar wil ons nie afdoen aan die tradisie van hierdie universiteit nie, maar met die vakgereedskap tot ons beskikking en die genade wat ons geskenk word, die student so lei dat hy of sy, waar hy of sy ook al as onderwyser of onderwyseres te staan kom, in staat sal wees om te bou aan 'n Christelike-Reformatoriese onderwyspraktyk.

BRONNELYS

- ANON. 1975. Onderwysserstekort. *Mondstuk* (Redaksioneel) 4(37):1 Julie.
- ANON. 1976. The Times higher education supplement, no. 228. p. 1. 5 Maart.
- ANON. 1976. Die Vaderland, p. 1. 20 Mei.
- ASHBY, E. 1972. The great reappraisal. (*In The world year book of education, 1972/73. London, Evans.*)
- BROWNSTEIN, L. 1972. Education and development in rural Kenya; a study of primary school graduates. New York, Praeger.
- CERYCH, L. & FURTH, Dorotea E. 1972. On the threshold of mass higher education. (*In The world year book of education, 1972/73. London, Evans.*)
- COOMBS, P.H. 1968. The world educational crisis; a systems analysis. New York, Oxford Univ. Press.
- CORRIGAN, D.C. 1974. Do we have a teacher surplus? *Journal of teacher education*, 25(3): 196.
- CROS, L. 1961. L'explosion scolaire. Paris, Comité universitaire d'information pédagogique.
- GRAYBEAL, W.S. 1974. Status and trends in public school teacher supply and demand. *Journal of teacher education*, 25(3): 200. Summer.
- KOORNHOF, P.G.J. 1976. Dinge moet gebeur. *Mondstuk*, 4(45): 1. Maart.
- LIGHTFOOT, A. 1972. Teacher surplus in the seventies; educational and sociological implications. *Journal of teacher education*, 23(2): 227. Summer.
- NELSON, R.H. & THOMPSON, M.L. 1963. Why teachers quit. *The education digest*, 29(1): 12. Sept.
- ORGANIZATION FOR ECONOMIC COOPERATION AND DEVELOPMENT. 1974. The teacher and educational change, vol. 2: Recent trends in teacher recruitment. Paris.
- POIGNANT, R. 1973. Education in the industrialized countries. The Hague, Nijhoff.
- PRETORIA. UNIVERSITEIT. Fakulteit Opvoedkunde. 1976? Tekort aan onderwysers. (Studiestuk)
- SAUVY, A. 1973. Access to education; new possibilities. The Hague, Nijhoff.

- SCHOENE, H. 1971. Too many teachers, or too few. *Education in Germany*, 12/71: 30-39.
- SKOROV, G. 1966. Integration of educational and economic planning in Tanzania. Paris, Unesco, International Institute for Educational Planning. (African research monographs, no. 6)
- STABLER, E. 1969. Education since Uhuru; the schools of Kenya. Middletown, Conn., Wesleyan Univ. Press.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1950. Jaarverslag.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1975. Beplanning van onderwysersopleiding.
- TRANSVAAL. Provinsiale Raad. 1975. Debatte en verrigtinge, vol. 158, 4 - 10 Junie.
- UNESCO. 1972. Statistical yearbook. Paris.
- VAIZEY, J.E. 1975. Education in the modern world. London, Weidenfeld and Nicolson.
- VAN KEMENADE, J.A. 1975. The cost of higher education cannot continue to rise unchecked. *Western European education*, 7(3): 49. fall.